Leierskap – wat is dit?

http://www.mentor24.co.za/2012/02/leierskap-wat-is-dit/

Wanneer iemand jou sou vra om leierskap te omskryf, wat sou jy antwoord? Miljoene definisies vir leierskap is beskikbaar. Wanneer iemand my sou vra om leierskap te omskryf, sou ek sê dat leierskap is om ‘n inspirerende visie te he. Dit is die vermoë om ‘n passie en bereidwilligheid in mense aan te wakker en ‘n bereidwilligheid om te streef na daardie visie. ‘n Leier het ‘n droom. ‘n Leier is in staat daartoe om daardie droom te verwoord. ‘n Leier inspireer mense om te glo en te werk om daardie droom te bereik. Voltooiing van die droom sal lei tot die voltooiing van verskeie individuele doelwitte sowel as drome.
In werklikheid is dit een groot droom, maar ‘n verskeidenheid van ander mense se drome pas daarin. Wanneer die droom bewaarheid word, word ‘n hele klomp ander drome ook bewaarheid. ‘n Leier voer ‘n saak enduit. ‘n Leier voorsien en berei die regte omgewing voor vir mense om goed te presteer. Wanneer die droom bereik is, staan die leier terug en sê, “Dit was alles deur jou eie toedoen”.
Wat sou jy sê as iemand vra of leiers gebore of gemaak word? Sou iemand my vra of leiers gebore of gemaak word, sou ek sê beide! Sommige mense beskik oor ‘n natuurlike geneigdheid en ‘n gawe om ander te lei. Soos alle talente egter, moet dit steeds gebruik en ontwikkel word. Hoe jy gebruik kan konstruktief of destruktief wees.
Indien jy nie oor natuurlike leierskap eienskappe beskik nie, kan jy verseker jou kennis en vaardighede ontwikkel in daardie gebied. Dit is belangrik om kennis te neem dat leierskap nie verwar moet word met ‘n posisie van mag nie. Jy kan ‘n Hoof Uitvoerende Amptenaar wees en steeds geen leierskap eienskappe toon nie of jy kan in ‘n posisie wees sonder enige gesag en steeds sterk leierskap eienskappe toon.
Indien jy geinteresseerd is in leierskap en leierskap ontwikkeling sal kennis van die volgende vir jou voordelig wees:

1. Karakter eienskappe van effektiewe leierskap,
2. Leierskap optrede,
3. Samewerking van wie,
4. Visie vir die toekoms, en
5. Strukture en ondersteuning vir effektiewe leierskap.

1. Karakter van effektiewe leierskap

Watter karakter eienskappe is opvallend in leiers? Hulle weet wat is hul **missie**. Hulle is bewus van hul doelwit en hoekom die organisasie of besigheid bestaan. Hulle het ‘n **visie**. Hul weet waarheen hulle op pad is en waarheen hulle die organisasie of besigheid wil neem. Hulle stel ‘n spesifieke **doelwit** om die visie en missie te bereik.
‘n Leier **meet voortuigang** voortdurend. ‘n Leier kan goed **verslag lewer** en **kommunikeer doeltreffend**. ‘n Leier is verbind tot **harde werk** en om daardie ekstra myl te loop. ‘n Leier is**eerlik, kompeterend, vooruitskouend, inspirerend, intelligent, billik, ruimhartig, dapper, openhartig** en **vindingryk**.

2. Leierskap optrede

Watter gedrag kwalifiseer as leierskap optrede? Leiers is toegewy aan hul eie ontwikkeling en die ontwikkeling van ander. Leiers leer van hul eie ondervinding, goed en sleg. ‘n Leier hardloop nie weg wanneer dinge begin skeef loop nie.
‘n Leier vra baie vrae. ‘n Leier weet wanneer almal presies dieselfde dink is iemand dalk nie besig is om te dink nie. Hy plaas homself in situasies waar hy getoets en uitgedaag sal word.

3. Samewerking van wie

Wie se samewerking het ‘n leier nodig. Leiers het nie nodig om daarop aantedring om gevolg te word nie. Mense volg hul gewillig. Leiers dring nie aan op voortreflikheid nie. ‘n Leier ontwikkel en inspireer voortreflikheid. ‘n Leier ondersteun en lei ander om hul volle potensiaal te ontwikkel.

4. Visie vir die toekoms

‘n Leier het ‘n sterk toekoms gebaseerde ontwikkelingsplan vir homself. ‘n Leier weet waarheen hy of sy op pad is. ‘n Leier beskik oor die vermoë om andere te inspireer om ook vorentoe te beweeg na hul eie visie. ‘n Leier het ‘n stewige plan in plek vir elkeen om hul doelwit tebereik.

5. Strukture en ondersteuning vir effektiewe leierskap

Hoekom is struktuur en ondersteuning belangrik vir ‘n leier? ‘n Leier begryp die belangrikheid van sy eie ontwikkeling op ‘n deurlopende basis. ‘n Leier begryp dat persoonlike motivering en inspirasie belangrik is. Wat motiveer en inspireer jou? ‘n leier kan alleenlik ander motiveer en inspireer as hyself geinspireer en gemotiveerd is. ‘n Leier is georganiseerd en werk volgens ‘n goed ontwikkelde sruktuur. ‘n Leier is gedissiplineerd. Niemand kan optimaal funksioneer in chaos nie. ‘n Leier besef hy kan nie alles alleen doen nie en bou vir homsdelf ‘n sterk ondersteunings sisteem.
Hierdie artikel was geskryf gewees deur Nonnie Hendriksz jou Potensiaal Ontwikkelings®Afrigter. Sou jy belangstel in leefstyl of besigheidsafrigting, korporatiewe opleiding, menslike hulpbronne konsultering of motiveringspraatjies skakel gerus een van ons kantore.